

15 Junie

**Skrifgedeelte: Esra 4**  
**Fokusgedeelte: Esra 4:24**

### **Momentum gestuit?**

Gister en eergister is die momentum van God se koninkryk beskryf. Kan hierdie momentum gekeer word? Volgens Esra 4 lyk dit of dit tog kan gebeur. Die bouwerk kom tot stilstand (4:24). Hierdie verskriklike toestand is vandag nog moontlik. Kerke kan ophou evangeliseer; lidmate kan vergeet dat hulle God se sending in die wêreld is; die ywer in God se diens kan kwyn; gemeentes kan doodloop en verdwyn. "Bouwerk gestaak!" Wat sê dit vir die momentum van God se koninkryk?

Let eers op die slinkse planne wat die vyand gebruik om God se bouwerk te verhinder. Eerstens: Gelykstelling tussen godsdiens. "Ons eer dieselfde God", beweer die ongelowiges (4:2). Tweedens: Intimidasie! Praatjies wat gelowiges moedeloos en bang maak (4:4). Derdens: Korrupsie! Mense wat liever is vir geld as vir God (4:5). Vierdens: Verdagmaking. 'n Papieroorlog word gevoer met briewe vol halwe waarhede (4:6-22). Vyfdens: Mag en geweld (4:23). Wees wakker omdat julle die planne van ons vyand maar al te goed ken (2 Kor. 2:11).

Wat 'n droewige hoofstuk! En tog gee een woordjie in die laaste sin ons moed – die woordjie "tot". Die bouwerk word nie vir altyd gestaak nie, net "tot die tweede regeringsjaar van koning Darius" (4:24). Die verhinderende van die bouwerk duur net 'n vasgestelde tyd. Dan gaan dit weer voort. Was die momentum van God se koninkryk gestuit? Nee, nooit gestuit nie! God se koninkryk kom mos nie net met geseënde bouwerk vir sy kinders nie. Dit kom ook met regverdige oordeel oor sy vyande. As hulle maat vol word, is ook dít momentum!

*Sing: Psalm 7:6,7*

*Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)*